NG KERK PARKE-GEMEENTE

Hoe ons op die coronavirus reageer

Liewe gemeente

As geloofsgemeenskap is ons die afgelope paar weke baie bewus van die impak wat fisiese gesondheid en siekte het op elke deel van ons bestaan – ook op ons gemoed, ons gedagtes, en ons geestelike lewe. Ons word tans oorweldig deur nuusberigte, statistieke, koerantopskrifte, angstige WhatsApp-boodskappe, en nou selfs leë winkelrakke, soos wat mense wêreldwyd probeer sin maak uit die COVID-19 coronavirus se ongekende impak en verspreiding.

Ons wil in hierdie tye van paniek en vrees vashou aan die wete dat ons kinders is van die liefdevolle God, wie se Seun Jesus juis as Vredevors ("Prins van Vrede") en as Leidsman ("Raadgewer") die geskiedenis van die wêreld omgekeer het 2000 jaar gelede. Ons hoop is op die Heilige Gees, ons Trooster, wat die belofte van die nabyheid en teenwoordigheid van God Drie-Enig aan ons wil aanhou bekendmaak. Daarom kan ons as gelowiges kies om ons nie oor te gee aan paniek, vrees en angs nie: ons sekerheid en ons vastigheid vind ons steeds in die Here – met en sonder infeksie van die COVID-19 coronavirus.

Terselfdertyd is dit vir ons belangrik om deel te wees van alle moontlike pogings om die verspreiding van die COVID-19 coronavirus te vertraag. Alhoewel 'n beduidende aantal persone wat met die virus geïnfekteer is reeds ten volle herstel het, weet ons ook dat sekere groepe persone wat verswakte immuunstelsels of bestaande siektetoestande het, wel 'n groter risiko loop om ernstig siek te word. Ons wil infeksie ten alle koste voorkom en verminder.

As gemeente wil ons daarom gehoor gee aan die maatreëls wat deur President Cyril Ramaphosa aangekondig is tydens Sondagaand se toespraak en deur die sinode ondersteun word. Gevolglik wil ons konstruktief deel wees van die huidige voorskrifte wat aanbetref fisiese- en sosiale afstand ("social distancing"), asook opgeskerpte higiëne. Hou in gedagte dat die virus se verspreiding steeds kan plaasvind in klein groepe, en daarom wil ons nie bloot aan sogenaamde minimum vereistes soos "groepe minder as 100 persone" voldoen nie. Ons is eerder ekstra versigtig, as ongeërg.

Vir ons gemeente-aktiwiteite beteken dit prakties die volgende:

Eredienste

- Alle Sondag-eredienste word voorlopig tot na die skoolvakansie opgeskort. As alles gunstig verloop sal die eredienste weer op 19 April hervat. Ons sal duidelik hieroor kommunikeer.
- Preke sal steeds beskikbaar gemaak word deur middel van klankopnames wat teen Sondagoggend om 09:00 geluister kan word vanaf ons webwerf se tuisblad by www.parke.co.za. Hierdie klankopnames sal ook versprei word via ons gemeente se nuwe WhatsApp kommunikasie "broadcast" groepe. Maak seker jy raak deel van hierdie WhatsApp kommunikasie deur die nommer, 074 931 7353, te stoor op u selfoon en 'n boodskap met u naam en van na hierdie nommer te WhatsApp.
- Vir diegene wat graag tuis, individueel of as huisgesin, 'n erediens-ervaring wil beleef, sal Sondag se preek en verwante materiaal saam met die klankopnames beskikbaar gestel word. Dit sal per epos uitgestuur word, op die gemeente se webblad en Facebook-blad gelaai word, en waar moontlik ook via WhatsApp gedeel word.
- U word versoek om u dankoffers wat u onder normale omstandighede tydens die eredienste sou gee, op een van die volgende maniere te hanteer:

    - Bring dit as kontant na die kerkkantoor.
    - Maak ’n EFT (elektroniese oordrag in die bankrekening van die kerk).
    - Maak gebruik van SnapScan (die besonderhede sal binnekort beskikbaar gestel word).
- Die gemeente se bankbesonderhede is: NGK Kraaifontein-Die Parke – Rek. Nr. 1147123691 (tjek) – NEDBANK – Tak 123209.

Bybelstudiegroepe, kleingroepe, jeugbediening, kategese, seniorbediening en vergaderings

- Alle gemeentelike groepsbyeenkomste en vergaderings is tot verdere kennisgewing afgestel.
- Bybelstudie-groepe en kleingroepe word sterk aangemoedig om steeds via WhatsApp met mekaar kontak te hou, en gebedsversoeke en behoeftes met mekaar te deel. Ons bly steeds ‘n geloofsgemeenskap wat mekaar liefhet en versorg.
- Ouers en versorgers word aangemoedig om steeds geloofsritmes met hul kinders te deel, bv. gebed, saam Bybellees, en gesprekke.
- Hou in gedagte dat kinders volwassenes se paniek en angstigheid kan aanvoel. Vermy angspraatjies oor die virus en die impak daarvan, maar praat wel met kinders oor die feite daarvan. Help hulle om te kan onderskei tussen korrekte en vals inligting, om vrees te beperk, en om die virus se teenwoordigheid te normaliseer.
- Maak tuis van handewas en afstandsgroet ‘n speletjie (bv. sing ‘n liedjie terwyl hande gewas word). Bid saam met gesinslede vir verpleegpersoneel en dokters wat siek persone versorg, en vir elkeen wat geraak word deur die virus. Herinner kinders dat, indien hulle of hulle maatjies sou siek raak, daar medisyne en dokters is wat baie goed opgelei is om hulle weer te help gesond word.

Diens van Barmhartigheid

- Ons is baie bewus daarvan dat daar juis in hierdie tyd persone is wat steeds afhanklik is van bystand en hulp – geestelik, fisies en emosioneel. Ons sal onverstoord voortgaan om hulle te versorg, maar ons eie protokol hier rondom opskerp sodat alle risiko's tot die minimum beperk word. Daarom sal die klerestoor slegs op afspraak met Sanet Groenewald (082 520 3149) oop wees.
- Die koskas van diens van barmhartigheid word ook nadelig getref deur hierdie reëlings. Ons wil daarom versoek dat u asseblief die volgende produkte sal skenk vir die koskas sodat ons kan voortgaan om mense in nood by te staan: langlewe melk, koffie, tee, suiker, grondboontjiebotter, konfyt, toiletpapier, seep, macaroni, spaghetti, 2 min noodles, soya mince, blikkies vis, corned beef, ertjies, mielies, baked beans, gevriesde sop en 4 in 1-sopmengel.

Kerkkantoor

- Besoeke aan die kerkkantoor moet vir tyd en wyl tot ‘n minimum beperk word. Kontak ons gerus steeds telefonies of per epos, indien nodig. Die kerkkantoor-ure gaan steeds voort, soos normaal.
- Wanneer die kerkkantoor wel besoek word, moet u asseblief gebruik maak van die handreiniger by die ingang, slegs wuifgroet en ‘n gesonde afstand handhaaf.

Pastorale versorging en noodgevalle

- Die leraars is steeds beskikbaar vir pastorale versorging en noodgevalle. Soos en waar nodig, sal die nodige higiëne maatreëls in plek gestel word om almal betrokke se gesondheid te

beskerm. Maak asseblief kontak indien nodig, hetsy self, of namens iemand anders: ds Charl Stander – 084 234 1155, ds Louis van der Riet – 072 688 0448, ds Steyn McCarthy (seniorbediening) - 073 430 3979.

- Doen moeite om in verbinding te bly met bure, vriende en familie, veral hulle wat alleen woon, in woonstelle of in ouetehuise tuisgaan. Bied aan om inkopies te gaan koop vir persone wat tans andersins nie by die winkels kan uitkom nie, of vir wie dit 'n risiko sou wees om dit te doen.

Algemene riglyne

- Beperk sover moontlik nabye en fisiese kontak met mense. Handhaaf 'n goeie afstand indien dit wel nodig is om tussen mense te beweeg of te sit.
- Groet met slegs 'n vriendelike wuif en 'n glimlag – ons weerhou ons tans van handskud, drukkies en groetsoene.
- Gebruik "hand sanitizer" of was gereeld hande met seep en water, en vermy onnodige kontak met oppervlaktes in publieke en werkruimtes wat gereeld aangeraak word (bv. tafels, armleunings, roltrappe en trapreëlings).
- Vermy kontak met die gesig, oë, neus en mond.
- Hoes met 'n sneesdoekie voor die mond, of in die holte van die elmboog.
- Koop slegs die nodige wanneer inkopies gedoen word, om te verseker dat daar genoeg produkte vir almal is.
- Bly tuis indien jy verkoue of griepsimptome ervaar. Kontak jou dokter of naaste kliniek telefonies indien die simptome vererger, om die nodige versorgingsreëlings te tref.
- Moenie fopnuus of paniekerige boodskappe op sosiale media en via WhatsApp versprei nie.

Tenslotte

Die krisis noodsaak ons om bewus te wees van die gevaar, maar terselfdertyd ook op die uitkyk te wees vir geleenthede. Ons moet onsself en ander teen die virus beskerm. Terselfdertyd bied hierdie verposing in aktiwiteite van die gemeente vir ons baie geleenthede om te dink oor ons geloofspraktyk en getuienis.

Mag die Here almal veilig bewaar.

DIE KERKRAAD